


ST. THOMAS BECKET

29 DESEMBER

(1118-1170)



Hierdie edelman en jeugvriend van koning Hendrik II van Engeland word in 1155 rykskanselier. Toe hy teen sy sin aartsbiskop van Kantelberg benoem word, ondergaan hy egter 'n persoonlike bekering en neem hy sy nuwe pligte as sieleherder baie ernstig op. Dit bring hom in konflik met die koning wat die Kerk as ondergeskik aan sy eie gesag beskou het. Thomas word na Frankryk verban, maar keer in 1170 terug nadat die koning hom amnestie beloof het. Die konflik tussen die mag van die koning en die onafhanklikheid van die Kerk vlam egter onmiddellik weer op. Toe die koning in 'n woedebui uiting gee aan sy wens om van die aartsbiskop ontslae te wees, neem vier van sy ridders dit ernstig op en gaan hulle na Kantelberg waar hulle vir Thomas Becket koelbloedig vermoor. Hierdie daad word vanuit alle oorde verdoem en veroorsaak oproerigheid onder die gewone bevolking. Gou word die vermoorde Thomas se graf 'n bedevaartsoord en is hy as heilige vereer. Ook die koning doen in die openbaar boete vir dié verskriklike daad.